SAKE 24 (Beeld)
Thursday, 16 August 2007, p. 4

Huge Group nóg groter

Die Huge Group het skaars 'n week ná sy notering op Alt^{X} sy eerste oorname bekend gemaak.

Die maatskappy se hooffiliaal is TelePassport, 'n diensverskaffer wat korporatiewe kliënte se telekommunikasiedienste bestuur.

Huge het gister die oorname van CentraCell, 'n maatskappy wat in dieselfde dienste spesialiseer, aangekondig.

CentraCell word teen net meer as R80 miljoen oorgeneem waarvan R58,4 miljoen 'n kontantbetaling sal wees.

Die res van die transaksie sal deur die uitreiking van 6,76 miljoen gewone Huge Group-aandele teen 320c per aandeel, nagekom word.

Volgens mnr. James Herbst, Huge Group se finansiële hoof, sal van die bykomende R75 miljoen wat met die notering gegenereer is, gebruik word om die transaksie te finansier.

Met CentraCell se jaarlikse omset van R200 miljoen staan Huge se totale boek nou op R500 miljoen, sê Herbst. CentraCell voeg nog 2 000 kliënte by die maatskappy se reeds bestaande 5 000 kliënte.

Herbst sê die Huge Group kyk beslis na nog moontlike oornames.

Hy sê die maatskappy is in dié stadium ook in samesprekings met 'n paar ander maatskappye, maar dat daar nou eers gefokus sal word op die suksesvolle samesmelting van TelePassport en CentraCell.

Die Huge Group se aandeelprys het gister op 'n andersins rooi dag op die beurs by 'n hoogtepunt van 330c gedraai.

Die maatskappy se noteringsprys verlede week was 250c per aandeel.